Die POPI-wetgewing het op 1 Julie 2021 in werking getree. Die doel van die POPI-wet (Wet 4 van 2013) is om u en u kind/ers te beskerm teen onder meer identiteitsdiefstal deur te verhoed dat u persoonlike inligting in die verkeerde hande beland. Die POPI-wet is van toepassing op almal wat enige soort rekords verwerk wat persoonlike inligting van mense bevat. Dit bevat dus die minimum standaarde vir die beskerming van persoonlike inligting.

Verwerking behels die versameling, ontvangs, opname, organisering, herwinning of gebruik van sodanige inligting. Dit bevat ook die verspreiding en bekendmaking van sodanige inligting (gratis of teen betaling). Ingevolge die POPI-wetgewing word onder meer foto's en videomateriaal beskou as persoonlike inligting.

Hoërskool Ben Viljoen onderneem om alle foto's wat ons van leerders plaas, deeglik te bestudeer om te verseker dat die leerders in 'n positiewe lig gestel word en dat geen negatiewe konnotasies gevorm kan word nie.

Handtekening: Leerling — Datum

EXAMPLE

Handtekening: Ouer — Datum

# SOSIALE MEDIA ONDERNEMING

Onderneming van Hoërskool Ben Viljoen Opvoeders, nie-opvoeders en leerders aangaande sosiale media.

Ek ________________________________________________ is tans verbonde aan Hoërskool Ben Viljoen (Die skool). Ek onderwerp myself aan die volgende reëlings aangaande die verantwoordelike gebruik van Sosiale media as 'n lid van die Hoërskool Ben Viljoen gemeenskap.

**Ek onderneem om:**

- nie onenigheid te skep deur die verspreiding van aanstootlike of krenkende materiaal nie. Opvoeders, nie opvoeders en leerders mag nie rassistiese, lasterlike, seksistiese of pornografiese inligting versprei nie. Dit kom op ernstige wangedrag neer. Rassistiese kommentaar is nie net aanstootlik nie, maar skep onenigheid tussen mense.
- nie neerhalende uitlatings te maak nie. Opvoeders, nie-opvoeders en leerders mag nie neerhalende en aanstootlike boodskappe oor die skool, sy personeel of leerders publiseer of versprei nie. 'n Oortreder kan daaraan skuldig bevind word dat hy/sy die skool se naam oneer aangedoen het, wat tot dissiplinêre optrede of regsaksie vir laster kan lei.
- nie 'n vertrouensbreuk veroorsaak nie. Opvoeders, nie-opvoeders en leerders mag nie die skool se inligtingstelsel of sosialemediaplatvorms so gebruik dat dit die skool se vertroue skend nie.
- nie aan sosiale media-aktiwiteite deelneem wat die skool se naam oneer kan aandoen nie.
- nie die sosiale media gebruik om ander persone te vererg, te verskrik, te intimideer, te dreig, aanstoot te gee of te pla deur onwelvoeglike taal, prente of ander materiaal nie.
- nie dreigemente van fisiese of sielkundige skade aan die ontvanger oor te dra nie.
- nie enige materiaal besigtig of versend wat provinsiale, nasionale of internasionale wette oortree nie.

**Ek is bewus daarvan dat, indien ek enige van bogenoemde oortree, ek volgens die dissiplinêre kode gestraf gaan word.**

EXAMPLE

____________________ ____________________

Handtekening: Leerling Datum

# DISSIPLINÊRE STELSEL

Enige skoolreëls wat oortree word deur van sosiale media of die internet gebruik te maak, sal ooreenkomstig met die reëls gestraf word.

Uitsluiting van sosiale geleenthede word per kwartaal deur Mnr John Smith bepaal, afhangend van die hoeveelheid dissiplinêre punte 'n leerder verwerf het.

| | OORTREDINGS | PUNTE |
|---|---|---|
| **1** | **ONGEPASTE KLEREDRAG** | |
| | 1.1 Ongeskeerde Seuns | 5 |
| | 1.2 Verkeerde haarstyl, haarkleur, grimering of naels | 5 |
| | 1.3 Verkeerde uniform | 5 |
| | 1.4 Onnette uniform | 5 |
| | 1.5 Juwele | 5 |
| | 1.6 Nie bedekte/ Opsigtelike tatoeëermerke | 5 |
| **2** | **STIPTELIKHEID** | |
| | Na tweede klok gelui het in klas aankom, laat vir skool of opening | 5 |
| **3** | **STEURENDE/ ONTOELAATBARE GEDRAG** | |
| | 3.1 Onvanpaste fisiese kontak op skoolterrein | 5 |
| | 3.2 Steurende gedrag binne en buite klaskamer/ Eet van kougom | 5 |
| | 3.3 Wangedrag binne en buite klaskamer | 10 |
| **4** | **TAAL** | |
| | Vuil- geskrewe of gesproke taal | 10 |
| **5** | **HUISWERK** | |
| | 5.1 3x versuim om huiswerk te doen of boeke nie by skool (onderwyser hou rekord) | 5 |
| | 5.2 Afskryf van huiswerk en/of boek beskikbaar stel vir afskryf | 10 |
| **6** | **STOKKIESDRAAI** | |
| | 6.1 1 periode (daagliks ingestuur), ook **VERKEERDE TOESIGKLAS -** afwesig sonder rede | 10 |
| | 6.2 Afwesig in toetse = "0" vir toets + 10 dissiplinêre punte | 10 |
| | 6.3 Stokkiesdraai algeheel | 20 |
| **7** | **AANVALLENDE GEDRAG** | |
| | 7.1 Verbaal | 10 |
| | 7.2 Dreigement & vernedering | 10 |
| | 7.3 Beseer iemand | 20 |
| **8** | **PARMANTIGHEID/ DISRESPEK** | |
| | 8.1 Teenoor UR-lid | 10 |
| | 8.2 Teenoor personeellid | 20 |
| **9** | **GRAFITTI OF SKADE/VANDALISME** | |
| | 9.1 Skooleiendom/ banke krap | 20 |
| | 9.2 Krap op hande, arms, bene, ens. met penne | 5 |
| **10** | **BAKLEIERY** | |
| | 10.1 Betrokke by bakleiery (eerste keer) sluit verbale gevegte in | 20 |
| | 10.2 Betrokke by bakleiery (tweede keer) | 30 |
| | 10.3 Baklei in teenwoordigheid van personeellid (5 dae uitsluiting) | 50 |

# DISSIPLINÊRE STELSEL

| | OORTREDINGS | PUNTE |
|---|---|---|
| 11 | **SELFONE & LUISTERTOESTELLE MET OORFONE** | |
| | Ongematigde gebruik tydens skoolure (sonder toestemming) | |
| | Eerste Oortreding | 10 |
| | Tweede Oortreding | 20 |
| | Derde Oortreding | 30 |
| 12 | **HANDBOEKE** | |
| | 12.1 Skeur of geen boek | Betaal R300 |
| 13 | **ROOK** | |
| | 13.1 Vergesel rokers of in besit van sigarette, e-sigarette of soortgelyke middels | 10 |
| | 13.2 In die publiek in skooldrag rook | 30 |
| | 13.3 Rook by die skool | 20 |
| 14 | **ONEERLIKHEID** | |
| | 14.1 Vals identifisering van leerling/ valse inligting/ getuienis | 20 |
| | 14.2 Oneerlike skriftelike verklaring | 20 |
| | 14.3 Oneerlikheid in toetse = "0" vir toets + 30 dissiplinêre punte | 30 |
| 15 | **VERBODE TERREIN (VOOR- EN TYDENS SKOOLURE)** | |
| | 15.1 Alle terreine anderkant die kanaal, tennishuis, swembad, fietsloods, busloods, koshuise en afdakke is verbode terrein | 10 |
| 16 | **UITSETTING - KATEGORIE 5** | |
| | Die gedragskode dui duidelik op die gevolge van wangedrag en definieer dat die perke nie oorsky moet word om uitsetting te vermy nie | |
| | **16.1 OORTREDINGS WAT TOT SKORSING MAG LEI** | |
| | In terme van die Staatskoerant van 15 Mei 1998 is oortredings wat tot skorsing mag lei, maar nie beperk tot die volgende is nie, soos volg: | |
| | 16.1.1 gedrag wat die veiligheid van ander in gevaar stel en die regte van ander skend | 45 |
| | 16.1.2 die besit, dreigement of gebruik van 'n gevaarlike wapen | 45 |
| | 16.1.3 die besit, gebruik, oorhandiging of sigbare bewyse van dwelms of afhanklikheidsvormende middels, alkohol of bedwelmende middels van enige aard, asook enige pornografiese materiaal. Sou 'n persoon positief getoets word vir die gebruik van enige verbode middel sal hy/sy ter wille van die veiligheid van die groep uit die onderrig situasie verwyder word totdat daar bewyse is dat hy/sy nie meer van die verbode middels in sy sisteem het nie | 45 |
| | 16.1.4 Gevegte, aanranding of mishandeling | 45 |
| | 16.1.5 Immorele gedrag of godslastering | 45 |
| | 16.1.6 Die valse identifisering van jouself | 45 |
| | 16.1.7 Skadelike grafitti, haattaal, seksisme en rassisme | 45 |
| | 16.1.8 Diefstal of besit van gesteelde eiendom | 45 |
| | 16.1.9 Onwettige optrede, vandalisme, of die vernietiging of ontsiering van skooleiendom | 45 |
| 11 | 16.1.10 Oneerbiedigheid, afkeuringswaardige gedrag en beledigende taal wat teen opvoeders of ander werknemers van die skool of teen leerders gerig is | 45 |
| | 16.1.11 Herhaaldelike skending van skoolreëls of die Gedragskode | 45 |

GEDRAGSKODE

# DISSIPLINÊRE STELSEL

| | OORTREDINGS | PUNTE |
|---|---|---|
| | 16.1.12 Kriminele en onderdrukkende gedrag soos byvoorbeeld verkragting en teistering wat op geslag gebaseer is | 45 |
| | 16.1.13 Verontregting, afknouery en intimidasie van ander leerders | 45 |
| | 16.1.14 Oortreding van eksamenreëls | 45 |
| | 16.1.15 Die bewustelike en opsetlike verskaffing van valse inligting of die vervalsing van dokumentasie om 'n onregverdige voordeel by die skool te verkry | 45 |
| | 16.1.16 Seksuele gedrag/ wangedrag op die skoolterrein | 45 |
| | **BELANGRIK: Die skoolhoof of gedelegeerde mag, kragtens Artikel 8A van die Suid-Afrikaanse Skolewet, die eiendom van 'n leerling of 'n groep leerlinge deursoek vir gevaarlike voorwerpe of dwelmmiddels - indien 'n regverdige en redelike vermoede van besit van bogenoemde artikels vasgestel is. Die deursoeking moet volgens die voorskrifte van die bogenoemde wet plaasvind, wat behels dat die middels of voorwerpe wat verkry word aan die SAPD oorhandig moet word en die oortreder(s) dienooreenkomstig vervolg moet word.** | |
| | | |
| 17 | **DISSIPLINÊRE STRAF** | |
| | Leerders word ontneem van sosiale geleenthede soos kwartaalliks bepaal<br><br>**<u>Gereelde ootredings:</u>**<br>10 Dissiplinêre punte = ouers word in kennis gestel<br>20 Dissiplinêre punte = ouers word in kennis gestel<br>30 Dissiplinêre punte = ouers word in kennis gestel<br>45 Dissiplinêre punte = finale waarskuwing + vyf (5) dae uitsluiting + onderhoud met leerling, ouers en graadvoog. | |
| | **Enige oortreding na 45 dissiplinêre punte is moontlike uitsetting van vyf (5) dae asook onderhoud met ouers, leerling en adjunkhoof** | |

SELFOONBELEID

# BELEID OOR SELFONE EN ELEKTRONIESE MEDIA VANAF JANUARIE 2025

## 1. ALGEMEEN:

- Die skool is bewus daarvan dat 'n selfoon en ander elektroniese kommunikasie-apparate 'n bruikbare instrument gedurende noodgevalle is.
- Die skool is verder bewus dat dit ook as effektiewe onderrig hulpmiddel deur opvoeders en leerders aangewend kan word.
- Die gebruik van selfone en ander elektroniese kommunikasie-apparate deur leerders tydens skoolure, veroorsaak egter konsentrasie- en dissiplinêre probleme en maak daarom die implementering van streng reëls met betrekking tot die gebruik van selfone en ander kommunikasie-apparate noodsaaklik.
- Die gebruik van 'n selfoon of ander elektroniese toestel by die skool is dus 'n voorreg en nie 'n reg nie.
- Die skool se sosiale media beleid (soos gesien in die skool se prospektus) sal op alle leerders van toepassing wees.

## 2. GEBRUIKSTYE:

- Leerders word geheel en al ontmoedig om enigsins 'n selfoon of ander elektroniese toestel skool toe te bring.
- Indien leerders egter wel 'n selfoon of elektroniese toestel skool toe bring, is dit op eie risiko en moet die toestel afgeskakel en buite sig gebêre word met die aanvang van skool om 06:55. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid indien enige elektroniese toestel gesteel word nie.
- Toestelle mag slegs voor skool en na skool gebruik word.
- **Hierdie reëls geld tydens beide skool- en eksamentye**

## 3. PROSEDURES BY OORTREDING:

- Indien 'n leerder se selfoon of elektroniese toestel afgeneem word tydens skoolure omdat hy/sy die reël oortree het, word die apparaat aan die Skoolhoof of Adjunkhoof oorhandig wat dit in die kluis sal stoor.
- **EERSTE OORTREDING:**
  1. Die selfoon of elektroniese toestel sal vir 'n periode van tien (10) skooldae in veilige bewaring gehou word.
  2. Die leerder ontvang tien (10) dissiplinêre punte teen sy/haar naam.
  3. Die leerder sal 'n boete van R 200 by die finansiële kantoor betaal en 'n kwitansie ontvang.
  4. Die leerder kan, met die kwitansie as bewys van betaling, die toestel afhaal by die Skoolhoof of Adjunkhoof aan die einde van die skooldag.
  5. Die leerder sal skriftelike ontvangs van die toestel erken.

- **TWEEDE OORTREDING:**
  1. Die selfoon of elektroniese toestel sal vir 'n periode van twintig (20) skooldae in veilige bewaring gehou word.
  2. Die leerder ontvang twintig (20) dissiplinêre punte teen sy/haar naam.
  3. Die leerder sal 'n boete van R 300 by die finansiële kantoor betaal en 'n kwitansie ontvang.
  4. Die ouer of voog van die leerder kan per afspraak, met die kwitansie as bewys van betaling, die toestel afhaal by die Skoolhoof of Adjunkhoof aan die einde van die skooldag.
  5. Die ouer of voog sal skriftelike ontvangs van die toestel erken.

# BELEID OOR SELFONE EN ELEKTRONIESE MEDIA VANAF JANUARIE 2025

- **DERDE EN VERDERE OORTREDINGS:**
  1. Die selfoon of elektroniese toestel sal vir 'n periode gelykstaande aan 'n kwartaal in veilige bewaring gehou word.
  2. Die leerder ontvang dertig (30) dissiplinêre punte teen sy/haar naam.
  3. Die leerder sal 'n boete van R 500 by die finansiële kantoor betaal en 'n kwitansie ontvang.
  4. Die ouer of voog van die leerder kan per afspraak, met die kwitansie as bewys van betaling, die toestel afhaal by die Skoolhoof of Adjunkhoof aan die einde van die skooldag.
  5. Die ouer of voog sal skriftelike ontvangs van die toestel erken.

- By voortgesette oortredings kan die leerder verbied word om sy selfoon of elektroniese toestel enigsins op die skoolperseel te bring.

**Hoërskool Ben Viljoen raai graag die leerders aan om GEEN elektroniese toestelle skool toe te bring nie, indien wel is dit op die leerder se eie risiko en die skool neem geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade nie.**

## PUNTESTELSEL

Alle graad 11-leerlinge moet eers kwalifiseer voordat hulle op die nominasielys van die Uitvoerende Raad kan verskyn. Om te kwalifiseer moet 'n graad 11-leerling aan **beide** die volgende vereistes voldoen:

- 'n Totaal van 45 punte of meer vanaf graad 8 tot Junie-maand tydens sy/haar graad 11-jaar verwerf. Hierdie kwalifikasie word op grond van die leerling se betrokkenheid by die skool bepaal volgens 'n puntestelsel.
- Drie (3) van die vier (4) leierskapskursusse gedurende sy/haar graad 11-jaar bywoon.

Leerlinge wat deur die loop van die jaar inskryf, se punte sal pro rata bereken word.

## REGLEMENT

STEMMING VIR DIE UITVOERENDE RAAD

Alle ingeskrewe leerlinge van gr. 8-11 mag aan die aanvanklike stemmingsprosesse deelneem.
Geen graad 12 leerling sal aan die verkiesing deelneem nie.
Die 28 gr. 11-leerlinge wat die meeste stemme behaal het (ongeag hulle geslag) sal op die UR dien.

Die 28 verkose leerlinge, sowel as die huidige VLR-lede, sal die hoofleiers verkies.

Die portefeuljes sal deur die skoolbestuurspan en die UR-voogde aangewys word.

**LET WEL:**
**Geskorsde hoofleiers kom, nadat hy/sy die eerste skorsing voltooi het, terug as 'n gewone UR-lid. Met ‘n tweede skorsing word die lid outomaties geskors van die UR af.**

# PUNTESTELSEL

| Graad: | Jaar: | Totaal oorgedra: | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Naam en van:** | | **Liga Seisoen** | **Na Liga (1)** | **Provinsiaal (1)** | **Afrigter Handtekening** |
| **Leierskap** | | | | | |
| VLR | 1 | | | | |
| VKR | 1 | | | | |
| UR | 1 | | | | |
| Pligsversuim | -1 (soos bepaal deur voogde) | | | | |
| | | | | | |
| **Sport** | **punt per sportsoort: 75% van oefeninge en wedstryde bygewoon** | | | | |
| Atletiek | 2 | | | | |
| Swem | 2 | | | | |
| Rugby | 5 | | | | |
| Netbal | 5 | | | | |
| Hokkie | 5 | | | | |
| Krieket | 3 | | | | |
| Tennis | 2 | | | | |
| Fast-Five Netbal | 1 | | | | |
| Sewesrugby | 2 | | | | |
| Gholf | 3 | | | | |
| Muurbal | 2 | | | | |
| Landloop | 3 | | | | |
| Sokker | 2 | | | | |
| Skaak | 2 | | | | |
| Prysskiet | 4 | | | | |
| Hengel | 2 | | | | |
| | | | | | |
| **Kultuur** | | | | | |
| Redenaars | 1 | | | | |
| Toneel | 3 | | | | |
| Revue | 3 | | | | |
| Kultuurweek | 1 | | | | |
| Interhoër Sangspan | 1 | | | | |
| Ben se Pen (alle uitgawes) | 1 | | | | |
| ATKV Jeugtak | 1 | | | | |
| Spelling Bee | | | | | |

# PUNTESTELSEL

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Graad:** | **Jaar:** | **Totaal oorgedra:** | | | |
| **Naam en van:** | | | | | |
| **Akademie** | | Nov-gemiddeld (Gr.8-10) | Jun-gemiddeld (Gr. 11) | Jun-gemiddeld (Gr. 12) | |
| | | | | | |
| 40-50% | 1 | | | | |
| 51-60% | 2 | | | | |
| 61-70% | 3 | | | | |
| 71-80% | 4 | | | | |
| 81-100% | 5 | | | | |
| | | | | | |
| **Bywoning en Hulp** | | **Liga Seisoen** | **Na Liga (1)** | **Provinsiaal (1)** | **Afrigter Handtekening** |
| Woon 5 tuisbyeenkomste by as toeskouer | 1 | | | | |
| Hulp tydens tuisbyeenkomste | (4 ure = 1 punt) | | | | |
| 100% skoolbesoek | 1 | | | | |
| Fotoklub (75% van alle byeenkomste | (4 ure = 1 punt) | | | | |
| | | | | | |
| **Dissiplinêre Punte** | | | | | |
| -1 vir elke 10 punte | | | | | |
| | | | | | |
| **Totaal** | | | | | |
| | | | | | |
| **Datum** | **Wit (25)** | **Groen (+25)** | **Geel (+25)** | **Goud (+25)** | |
| Handtekening van Organiseerder | | | | | |

# MERIETE TOEKENNINGS:

## LEIERSKAP:

| | |
|---|---|
| Semi-erekleure: | 15 punte |
| Erekleure: | 20 punte |

| BESKRYWING | AANTAL PUNTE |
|---|---|
| Kaptein van provinsiale A-span | 7 |
| UR: Voorsitter | 7 |
| VLR: Voorsitter | 7 |
| Kaptein van provinsiale B-span | 6 |
| Onderkaptein van 'n provinsiale A-span | 6 |
| Ondervoorsitter van die UR | 6 |
| VLR: Ondervoorsitter | 6 |
| Onderkaptein van 'n provinsiale B-span | 5 |
| VKR: Hoofseun/Hoofmeisie | 5 |
| Lid van UR | 5 |
| VLR: Sekretaris/ Sekretaresse | 5 |
| VKR: Onderhoofseun/Onderhoofdogter | 4 |
| Redakteur van Ben se Pen | 4 |
| Kaptein van 'n eerste span | 4 |
| Voorsitter: ATKV Jeugtak | 4 |
| Broumeester/Magrietjie | 3 |
| Onderkaptein van eerste span | 3 |
| Bestuurslid van ATKV Jeugtak | 3 |
| Kaptein van 'n A-span | 3 |
| Dirigent tydens Interhoër | 3 |
| Lid van Koshuisraad | 3 |
| Onderkaptein van 'n A-span | 2 |
| Kaptein van 'n B- of ander span | 2 |
| Onderkaptein van 'n B- of ander span | 1 |
| Leierskap op Ad hoc-basis | 1-5 |
| Lid van die VLR | 3 |

PRYSUITDELING

# MERIETE TOEKENNINGS:

## AKADEMIE

| | Juniors | Seniors | |
|---|---|---|---|
| | Graad 8 & 9 | Graad 10 | Graad 11 & 12 |
| Semi-erekleure: | 85% | 80% | 75% |
| Erekleure: | 90% | 85% | 80% |

## DIENS

| | |
|---|---|
| Erekleure (oploopbaar) | 20 punte |
| Semi-erekleure (oploopbaar) | 10 punte |

<u>Die volgende aktiwiteite word gekoppel aan die aantal ure diens.</u>

*Elke 4 ure diens lewer 1 punt op.*

- Atletiek
- Swem
- Wintersport
- Verkope
- Redenaars
- Noodhulp: Bywoning van kursus per dag
- Fotografie
- Krieket tellinghouer
- Tegniese hulp

## KULTUUR

| TIPE TOEKENNING | BESKRYWING |
|---|---|
| Trofee | • Toneelspeler/speelster van die jaar<br>• Beste redenaar |
| Semi-erekleure | • 20 oploopbare punte<br>• <u>Toneelkompetisie:</u><br>Deelname aan ATKV/Pronkpodium/FAK toneelkompetisie semi-finale (spanprestasie)<br>Wenner van ATKV/Pronkpodium/FAK toneelkompetisie op provinsiale vlak semi-finaal (individuele prestasie) |
| Erekleure | • 30 oploopbare punte<br>• Provinsiale verteenwoordiging<br>• Mpumalanga Jeugkoor<br>• <u>Toneelkompetisie:</u><br>Deelname ATKV/Pronkpodium/FAK toneelkompetisie op Nasionale vlak – finale (spanprestasie/individueel)<br>• <u>Redenaars:</u> Deelname aan ATKV Redenaars landswye finaal |
| Erepenning | • Wenner van ATKV/Pronkpodium/FAK<br>• ATKV redenaars landswye wenner |

PRYSUITDELING

# PUNTETOEKENNING:

| AKTIWITEIT | BETROKKENHEID | PUNTE |
|---|---|---|
| Kultuuraand deur skool gereël | Groep item | 1 |
| | Solo item | 2 |
| Kultuurfees | Toneeldeelnemer – byspeler en tegniese span | 1 |
| | Algemene kompetisie wenner – vaardigheid vereis (foto's, kuns) | 2 |
| | Hoofrolspelers in tonele | 2 |
| | Mees verdienstelike toneelspeler tydens week | 3 |
| | Toneelwenners – span | 3 |
| Redenaars | Deelname – interne kompetisie | 2 |
| | Junior wenner – interne kompetisie | 3 |
| | Senior wenner – interne kompetisie | 3 |
| | Individuele tweede en derde plek tydens Interhoër-of ATKV streeksredenaars (een toekenning) | 5 |
| | Interhoër- of ATKV streekswenner, as span of individueel (slegs een toekenning) | 6 |
| Toneel (nie-kultuurfees) ATKV/ Pronkpodium/ FAK / Interhoër / Digitoneel | Akteur | 5 |
| | Tegniese span | 3 |
| | Eerste in streeks-dramakompetisie – Interhoër of ATKV Pronkpodium/FAK | 6 |
| | Tweede in streeks-dramakompetisie – Interhoër of ATKV Pronkpodium/FAK | 5 |
| | Derde in streeks-dramakompetisie – Interhoër of ATKV Pronkpodium/FAK | 4 |
| | Individu wat brons sertifikaat by 'n streeksuitdunne ontvang | 6 |
| | Individu wat silwer sertifikaat by streeksuitdunne ontvang | 7 |
| Revue | Deelname | 3 |
| | Tegniese span – afhangende van omvang | 3 |
| | Operette – byspelers | 4 |
| | Solis – revue | 5 |
| | Hoofrol – operette | 6 |
| | Musiekverwerking – afhangende van omvang | 6 |
| ATKV Jeugtak | Lid | 1 |
| | Bestuurslid | 3 |
| | Voorsitter | 6 |
| Ben se Pen | Redaksielid | 5 |
| | Redakteur – op meriete | 6 |

- Enige aktiwiteite wat buite die reglement val, sal op meriete hanteer word.
- Slegs kultuuraktiwiteite wat deur die skool aangebied word, word by oploopbare punte ingesluit.
- Slegs hoogste toekenning in afdeling geld.

PRYSUITDELING

## SPORT

| TIPE TOEKENNING | BESKRYWING |
|---|---|
| Semi-erekleure: | Provinsiale Ligawenners in enige sportsoort |
| Erekleure: | Erekleure word toegeken aan:<br>• Spelers wat vir 'n provinsiale span gekies word<br>• Spanne wat die hoogste vlak kompetisie wen<br><br>Spelers wat gekies is maar weens mediese of ander dringende redes nie kon deelneem nie, sal op meriete hanteer word. |
| Erepenning: | • 5 jaar erekleure in dieselfde sportsoort<br>• Eerste plek tydens Suid-Afrikaanse kampioenskappe<br>• Spesiale toekenning word gegee aan spelers wat in Nasionale spanne opgeneem word |

## ALGEMEEN:

- Spelers moet in spesifieke ouderdomspanne deelneem, behalwe as daar nie ouderdomspanne is nie soos bv. Gholf, Tennis, Muurbal en Skaak.
- Landloop: ASA en skole-landloop word aanvaar.
- Sewesrugby vir o.15- en o.17-spanne – indien die liga deur die skool geskied.

## SPORTSOORTE WAARVOOR TOEKENNINGS GEGEE WORD:

- Die volgende sportsoorte: *- hierdie lys sal jaarliks hersien word.*
  Gholf
  Sokker
  Rugby
  Swem
  Krieket
  Atletiek
  Hokkie
  Landloop
  Ruiterkuns
  Tweekamp
  Netbal
  Muurbal
  Tennis
  Skaak
  Prysskiet
  Varswateroewerhengel
  Atletiek ASA
  Suid-Afrikaanse Swemkampioenskappe
  Sewesrugby

- Ander sportsoorte sal op meriete beoordeel word as die sport voor 27 Februarie by skool geaffilieer is.
- Buitesportsoorte sal op meriete bepaal word.

PRYSUITDELING

# SPESIALE TOEKENNINGS:

## 1. SPORTMAN EN SPORTVROU:

Slegs skool sportsoorte kan in aanmerking kom vir hierdie toekennings.
Sportman/sportvrou met die enkele hoogste prestasie.

## 2. VEELSYDIGSTE SPORTMAN/SPORTVROU – ALOMSPELER:

Veelsydigste sportman/sportvrou moet ten minste aan vier verskillende sportsoorte deelneem waarvan die beste prestasies in ag geneem word volgens 'n bepaalde kriteria. Die kriteria bestaan uit verskillende puntevlakke:

| **PUNTEVLAKKE:** | |
|---|---|
| Deelname aan 75% van die wedstryde | 3 punte |
| Semi-erekleure | 6 punte |
| Erekleure | 8 punte |
| Nasionaal | 10 punte |

## 3. BESTE SPELER IN 'N SPANSPORT: *(Slegs een toekenning per sportsoort)*

Toekenning gaan aan speler wat die hoogste prestasie in die sportsoort bereik het behalwe swem waar die hoogste HY-TEK punte tel.
Indien die hoogste prestasie nie bepaal kan word nie, word 'n afrigterstoekenning gegee.

## 4. DUX LEERLING:

Die Dux leerling is die leerder met die hoogste gemiddeld in sy/haar graad 12 jaar.

## 5. SALK:

Die SALK trofee word jaarliks toegeken aan die seun en dogter in Graad 12 wat die beste prestasie in die gebiede van sport, akademie, leierskap en kultuur verwerf het en 'n gemiddeld van die minimum 140 punte volgens die opgestelde kriteria verwerf. Slegs leerders wat aan die minimum punte voldoen sal in ag geneem word vir die toekenning.

# VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN REGELEMENT

Beginsels:
Slegs een toekenning per jaar per leerling word toegeken. 'n Leerling ontvang net die hoogste een.

- In alle gevalle moet 'n leerling ten minste 75% van alle oefeninge bygewoon het.
- Indien 'n speler a.g.v. 'n ernstige besering wat tydens die beoefening van die sport opgedoen is 'n aantal wedstryde misgeloop het, word sodanige wedstryde nie in berekening gebring nie.
- Sportspelers van die jaar sal volgens sportkode se reglement bepaal word.

# PRYSUITDELING

**Naam:** ______________________________ **Graad:** __________


Inligting vir **DIENSLEWERING** gedurende 2026.
Voltooi die onderstaande tabelle en ingehandig by registerpersoneellid

| Datum | Aktiwiteit | Tyd Bestee in Ure | Handtekening (Onderwyser) |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

Inligting vir **LEIERSKAP** gedurende 2026.
Voltooi die onderstaande tabelle en ingehandig by registerpersoneellid

| Datum | Aktiwiteit | Handtekening (Onderwyser) |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

# BRING GLIMLAGTE TERUG



# IN DIE GEES VAN WARE DALLER WEES

**Skoolklere wat nie meer pas, bly 'n las in almal se kas.
In die gees van ware Daller wees, skenk dit aan die Klerebank sodat ander ook vir lank 'n trotse Daller kan wees**

## WAT KAN EK SKENK?

- Skoolhemde
- Skool kleurbaadjies
- Sportdrag
- Sportbenodigdhede
- Skooldasse
- Skoolbroeke/ rompe
- Skoolskoene
- Skooltruie

WWW.BENVILJOEN.CO.ZA

013 262 2061




# SKOOLLIED

Die stroompie uit 'n verre tyd
het berg en hoogland oopgesplyt
en breed blink nou 'n wye stroom
deur bosse waar die stiltes droom.

Die droom het hier 'n daad geword
wat sterk oor wal en sluise stort
die water sing wat nou hier vloei
laat landery' en boorde bloei

Ons wat die groter toekoms erf
ploeg dieper los bind groot die gerf
ontbos die berg en grawe wyd
kanale van die nuwe tyd

We are the future of our school
We plough, we sow, provide the fuel
for strength, success and honest trust

together, a future true and just
Kom maat en vriend kom vat my
hand
ons dien een volk een vaderland
en is ons werk ons eer
wen ons die oes wat ons begeer.



WWW.BENVILJOEN.CO.ZA 013 262 2061 BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA @HS_BENVILJOEN